

Maandag

Mat. 3: 13 – 17; 28: 16 – 20; Mark.10: 35 – 40; Rom. 6: 3 – 11. Teks Romeine 6: 3 “Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood ingedoop is nie?” Direkte Afrikaanse Vertaling Tema Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoop is. Om ingedoop te wees in Christus beteken twee dinge:

1. om verenig te wees met wie Christus vandag as mens in die hemel is en
2. om met water gedoop te wees as 'n teken wat hierdie vereniging verseël.

Om verenig te wees met Christus in sy menswees is iets anders as om in God se goddelikheid ingepronk te wees. Ons vereniging met Christus werk soos INENTING by plante. Vir inenting het jy 'n gesonde sterk plant nodig wie se wortels skoon is van swamme en bakterieë. Dan kan jy van 'n plant met siek wortels 'n takkie afsny, dit skuins sny en die gesonde plant se stam ook skuins afsny. Dan sit jy die skuins gesnyde takkie op die skuins gesnyde stam van die gesonde plant om een plant te wees. Dan moet jy hierdie vereniging (samevoeging) heg met 'n lint wat die stam en takkie teen mekaar vashou. Nou gaan al die krag van die sterk en gesonde plant se wortels deur die hegting en word die krag wat die takkie laat groei en blomme en vrugte laat dra. Die groot geheim van inenting en vereniging as een plant, is dat die plant en takkie moet van dieselfde plantesoort wees. Jy kan vye net op vye inent en neute net op neute. Anders sal hulle nooit verenig en een wees nie. Ons as mense word vandag verenig, ingedoop in Jesus as MENS in die hemel. In valse godsdiens werk dit egter só: daardie geestelikes leer dat jy sommer ingepronk word in God - soos wanneer jy 'n takkie in 'n elektriese kragpunt indruk en glo die kragstroom sal dit beter laat vrug dra as inenting. Maar met inenting werk dit anders: ons word met Christus Jesus verenig deur in Hom ingeënt te word as 'n MENS. Ons word nóóit binne in God ingepronk om deel van God se goddelike krag, sy goddelike lewe, goddelike persoon of goddelike mag te word nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za

Dinsdag

Mat. 3: 13 – 17; 28: 16 – 20; Mark.10: 35 – 40; Rom. 6: 3 – 11. Teks Rom. 6: 3 “Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood ingedoop is nie?” Direkte Afrikaanse Vertaling (DAV) Tema: 'Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoop is.' Paulus beskryf ons vereniging in Christus in Rom. 6. net soos die inenting van 'n takkie in 'n plant. Hy stel dat Christus uit die dood uit opgestaan het om vandag as mens in die hemel sy lewe vir God leef. Rom. 6:10 Hoe Christus vandag mens in die hemel is, stel Paulus se kollega in Jesus se eie woorde in Luk 24: 39: “Kyk na my hande en my voete, dit is Ek self! Vat aan my en kyk, 'n gees het nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie.” Christus moet vandag net soos ons mens wees, want net dieselfde soort kan in mekaar ingeënt en verenig word: “As ons inderdaad ingelyf is in 'n dood soortgelyk aan syne, sal ons ook ingelyf word in 'n opstanding soortgelyk aan syne.” Rom. 6:5 (DAV). Omdat Christus mens is en ons met Hom verenig is, deel Hy sy dood, sy begrafnis en opstanding met ons, net soos 'n plant alles wat Hy met sy wortels uit die grond haal

met die nuwe ingeënte takkie deel omdat hulle dieselfde soort is. Afgesny én vasgemaak in mekaar! Ons sondige aard, ons siek wortelstelsel, word deur 'n magsdaad van God afgesny om in Christus ingelyf te word: "Dit weet ons: dat ons ou mens met Hom gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word." Rom. 6:6. Maar God het Jesus se lewe ook afgesny! "Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy ter wille van die sonde eens en vir altyd gesterf, maar die lewe wat Hy (nou) leef, leef Hy vir God." Rom. 6: 10 Christus se lewe (wie se geaardheid goed, reg en skoon was) is juis afgesny om die moederplant te wees vir ons (wie se geaardheid sleg, verkeerd en vuil is). Deur met Christus as mens verenig te wees leef ons uit die krag van sy lewe. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Mat. 3: 13 – 17; 28: 16 – 20; Mark.10: 35 – 40; Rom. 6: 3 – 11. Teks Rom. 6: 3 "Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood ingedoop is nie?" (Direkte Afrikaanse Vertaling = DAV). Tema: 'Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoop is.' 'n Geënte takkie leef uit die krag van die wortels van die boom waarop dit in geënt is. Die krag waarmee Christus (die moederboom) ons vervul is ons onskuld vir ons sonde en ons heiligheid en regverdigheid as mense voor God se wet. Uit ons onskuld, heiligheid en regverdigheid vir God as mense dra ons die blare, blomme en vrugte van hierdie lewenskrag: ons stry teen sonde, bely ons sonde en het God en ons naaste lief. Dit is alles die vrugte wat ons dra omdat ons ingeënt, verenig is met Jesus Christus as mens. (Rom. 6:11) Volgens Paulus beteken om in Christus ingedoop te wees twee dinge tegelykertyd:

1. ons is ingedoop in Christus self, ingeënt in wie Hy as mens in die hemel vandag is, en

2. ons is met dieselfde waterdoop gedoop as waarmee Jesus gedoop was.

Dat ons en Christus met dieselfde waterdoop gedoop is, sien ons in Mat. 3 in Johannes se weiering om Jesus te doop. Hy weier om Jesus te doop omdat hy mense gedoop het wat sondaars is en tot bekering gekom het deur te glo in die Christus se koms. Volgens ons voorbeeld het Johannes geweet Jesus is 'n goeie plant met skoon wortels, sonder 'n sondige geaardheid. Maar Johannes het óók geweet alle mense is sondaars. Jesus sê egter vir Johannes dat hy as 'n sondaar gedoop moet word - al is Hy nie 'n sondaar nie! Waarom? Dit is die manier waarop Jesus sondaars reg gaan maak en reg laat wees – deur in hulle sonde ingedoop, verenig te word en hulle sonde sy eie sonde te maak, en deur hulle te verenig in sy regverdigheid en heiligheid as mens. Dit is presies wat elke grootmens en kind se doop beteken: dit wys die Here is ons sonde ingedoop en het dit Syne gemaak en ons is in die Here ingedoop, ingeënt, sodat sy heiligheid en regverdigheid as mens regtig ons s'n is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za

Donderdag

Mat. 3: 13 – 17; 28: 16 – 20; Mark.10: 35 – 40; Rom. 6: 3 – 11. Teks: Rom. 6: 3 "Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood ingedoop is nie?"

(Direkte Afrikaanse Vertaling = DAV) Tema: 'Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoopt is.' Vir Paulus is die doop met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees deel van ons vereniging met Christus as mens in die hemel. Doop en vereniging is een saak. Daarom noem hy die vereniging met Christus om "ingedoopt" te wees in Christus - Rom. 6:3 Die doop is net soos die lint waarmee die hegting tussen 'n stam en 'n takkie mee vasgemaak en toegemaak word. Hierdie lint is nie maar net 'n versiering nie. Dit is nodig vir die inenting want maak die hegting vas en toe. Net so is elke grootmens en kind se doop noodsaaklik as 'n vas en toemaak van hulle hegting in en met Christus self. Dit is nie maar net 'n uiterlike bewys of versiering van die hegting nie. Jesus het nooit iemand met water gedoopt nie. Johannes die Doper was die eerste predikant wat mense gedoopt het en toe het Jesus se dissipels ook begin om mense te doop. Die Here doop ons in Hóm in, dit is Hy wat ons verenig met Hom sodat ons en Hy een is. Dit doen Hy deur sy krag as God - Rom. 6:4. Al wat die Here deur ons doen, is om met die teken van die waterdoop, die inenting vas en toe te maak, maar dit is baie nodig vir elkeen wat in die Here ingedoopt is. Die doop met water verseël die indoop in Christus self. Dit is vir elke kind en grootmens nodig om gedoopt te word met water want met hierdie teken maak die Here self ons vereniging in en met Hom vas en toe. Die doop kan nooit 'n mooi versiering wees wat wys dat gelowiges tot bekering gekom het nie. Om van die doop 'n versiering te maak is soos om vir takkies wat blomme en vrugte dra mooi strikkies om te bind om te wys hulle dra blomme en vrugte. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewub.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Mat. 3: 13 – 17; 28: 16 – 20; Mark.10: 35 – 40; Rom. 6: 3 – 11. Teks Rom. 6: 3 "Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus gedoopt is, in sy dood ingedoopt is nie?" (Direkte Afrikaanse Vertaling = DAV)Tema: 'Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoopt is. Jesus se dissipels het kinders van die Here en die doop weggehou. Mat. 19:13 In Markus 10:39 sê hulle na Jesus die derde aangekondig het dat Hy gaan gekruisig word, sterf en uit die dood uit opstaan, dat hulle ook dit nêr soos Hy kan doen. Hulle het nes al die godsdienstige Jode voor hulle ook geglo hulle kan vir die saak van God gekruisig word, sterf en dan sal hulle gees ook die krag van God teen goddeloses word (soos met die vorige Joodse bar Kochba opstande teen die oorheersing van Sirië). Daarom wou hulle na Jesus se dood die volgende Christusse word. Mark 10: 35 – 37. Vir hulle was die doop die seremoniële versiering van hul besluit om hul self vir God te laat kruising en doodmaak. Met hierdie doop kan kinders nie gedoopt word nie. Maar met die doop as teken dat Christus met sonde se sonde verenig is en hulle met sy heiligheid en regverdigheid verenig, kan kinders en grootmense gedoopt word. Mark. 10: 39 Want dit bind ons vereniging met Christus vas. Dit is nie 'n versiering van geestelike oorgawes nie. Vir geestelikes is die doop 'n seremonie dat jy in God se goddelike lewe en krag ingeprop is omdat jy met jouself gedoen het wat Jesus met Homself gedoen het: jy het jou eie-ek en eie-lewe gekruisig en doodgemaak sodat God met sy goddelike lewe en krag in jou kan opstaan, net soos in Jesus. Hierdie seremonie

word nou een van baie nuwes wat hul geestelikheid versier. Vir elke bekering en oorgawe is daar nou 'n nuwe seremoniële versiering wat jy om jouself kan vasbind: om deur water te loop, met jou hand in water te vroetel en kersies op te steek en nog ander... In Christus word ons egter net een keer ingedoop, verenig en vasgebind. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus